Saterdag 31 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 23:23-26

Fokusgedeelte: Matteus 23:23

## Die driehoek van God se liefdeswet

Iemand het eendag 'n kwatryn geskryf oor ons neiging tot selfsug. Die gediggie se titel is *180 grade*: Die driehoek van sy liefdeswet / My God, my naaste, ek / verwring ek tot een reguit lyn/ Ek en ek en ek.

Ons sien hierdie selfgerigtheid by die Fariseërs wat deur Jesus se woorde gestriem word. Hulle laat na om te doen wat reg is, om ontferming te toon en om woord te hou. Hulle gee wel tiendes, maar letterlik het baie Fariseërs gesorg dat hulle tiendes bestaan uit die kleinste deel van hulle inkomste, 'n paar korreltjies nietige speserye. Ons kan dink hoeveel dankbaarheid vir die Here , en barmhartigheid vir ander mense, daar opgesluit was in so 'n karige offerande.

Om eerlik reg te doen, daarin het hulle ook nie eintlik uitgeblink nie.Jesus moes op 'n keer die Fariseërs se handelstafels omkeer. Dit was toe hulle in die tempel met wisselkoersbedrog en hemelhoë pryse van offerdiere die mense uitgebuit het.

Die Fariseërs was baie gesteld om voor die mense te lyk of hulle die wet volkome nakom. As ons na uiterlike dade kyk, dan het hulle dit gedoen. Tog sê Jesus vir hulle dat die mooi blink beker van hulle sogenaamde voortreflike dade net van buite blink. Binne-in is hulle vol oneerlike grypsug, en selfsug, oneerlikheid, liefdeloosheid en leuens, opgetooi as die waarheid.

Iemand het eendag 'n baie waar woord gespreek toe hy gesê het: Innerlike reinheid sal uitmond in uiterlike geregtigheid, maar die omgekeerde is nie waar nie. Ons word geroep om die driehoek van die liefde vir ons naaste saam met 'n gesonde liefde vir onsself, regop te hou. Dit sal gebeur as die punt van die driehoek altyd na God toe wys.

*Sing: Psalm 68-1:3*

*Ds. KA (Anton) Janse van Rensburg*